# WILLOWS BESTUURSKAMP

**7 - 9 September 2018**

Die wind het gewaai dat die biesies bewe en die reën druppels het emmers vol geval maar dit sit geensins die 2019 bestuurspan af nie.

Vrydag aand het almal met bedekte hoofde en arms (Richard het maar sy kortbroek aangehou) saamgebraai en vroeg gaan inkruip.

Saterdagoggend vroeg het Mario Steenkamp 60 km in die wind, reën en hael gaan ry terwyl die bestuursvergadering aan die gang was. Die vergadering was 'n reuse sukses en was vanselfsprekend opgevolg met die heerlikste eetgoed.

Die res van die naweek het die bestuur rustig tyd saam spandeer en gebraai. Sommige lede op die span het so lekker gebraai dat hulle sommer regdeur die drom braai gebraai het en die kole vinnig moes optel.